# Hoofstuk 2 Metodologie

In hierdie hoofstuk word die konseptuele raamwerk, die aannames wat voor die aanvang van hierdie studie gemaak is en die navorsingmetodologie omskryf.

## 2.1 Konseptuele raamwerk

Volgens Henning, Van Rensburg & Smit (2004:25) en Vithal en Jansen (2010:19) is die belangrikste funksie van `n konseptuele raamwerk die volgende:

- Die verbinding van kernkonsepte.
- Die plasing van die navorsing binne `n raamwerk.
- Die posisionering van die navorsing binne die vakgebied waarin navorsing gedoen word.




Figuur 2.1**:** *Konseptuele raamwerk van toepassing op hierdie studie* (Eie raamwerk)

Soos in figuur 2.1 aangedui, bring die raamwerk verskillende strukture en konsepte in perspektief. Die komponente van die model word vervolgens bespreek.

## 2.1.1 Skoolbeheerliggaam

Volgens SAOU (2011:7.1) word die lede van die skoolbeheerliggaam saamgestel uit ouers deur ouers verkies, opvoeders deur opvoeders verkies en leerders deur leerders verkies. Hulle taak is om die skool te bestuur in ooreenstemming met toepaslike wetgewing en om al die betrokkenes by die skool te verteenwoordig. Die dag tot dag bestuur en werking van die skool word uitgevoer deur `n professionele span opvoeders (skoolbestuur) wat oor die nodige kennis en vaardighede beskik om dit te doen, terwyl die taak van die daarstelling van doelwitte en rigtinggewing berus by die verteenwoordigende liggaam (skoolbeheerliggaam) wat ook in `n toesighoudende hoedanigheid moet toesien dat die dag tot dag uitvoering van beleid tot die grootste voordeel van die hele skoolgemeenskap geskied. Vir `n skool van meer as 500 leerders bestaan die skoolbeheerliggaam uit `n skoolhoof, 3 opvoeders, 9 ouers, 1 nie−opvoeder (administratiewe personeellid) en 3 leerders. Die taak en rol van die skoolbeheerliggaam word in Hoofstuk 4 in meer besonderhede bespreek.

## 2.1.2 Finansiële komitee

Die finansiële bestuur van die skool word volgens SAOU (2011:7.1) beheer deur die skoolbeheerliggaam en geadministreer deur die finansiële komitee in samewerking met die skoolbestuurspan wat dan aanspreeklik is aan die skoolbeheerliggaam. Die take en pligte van die finansiële komitee word in Hoofstuk 4 aangespreek. Die finansiële komitee bestaan gewoonlik uit die tesourier van die skoolbeheerliggaam wat ook dien as voorsitter van die komitee, die skoolhoof, lede van die publiek en ander opvoeders.

### 2.1.3 Bestuur

Bestuur is reeds (par. 1.3.4) gedefinieer as leidinggewing, beheer hê oor mense om gemeenskaplike doelwitte te bereik deur gebruik te maak van die bestuurfunksies beplanning, organisasie, leiding en kontrole om stelsels in plek te kry.

Volgens Stoner en Wankel (1986:4) is bestuur `n sistematiese wyse om dinge te doen. Dit bestaan uit:

- Beplanning – Bestuurders bepaal hulle mikpunte. Hulle aksies is gewoonlik gebaseer op `n bepaalde metode, `n plan eerder as net `n gedagte.
- Organisering – ‘n Bestuurder koördineer die menslike en materiële hulpbronne van die organisasie. Die effektiwiteit van `n organisasie hang af van die vermoë om die hulpbronne te bestuur om die doelwitte te bereik.
- Leiding – Hoe bestuurders rigting gee en hoe hulle invloed op mede-kollegas uitoefen sodat alle rolspelers voorgeskrewev take uitvoer.
- Kontrolering – Bestuurders poog om te verseker dat die organisasie vorentoe beweeg na gestelde doelwitte. Indien die organisasie op `n verkeerde pad is, moet die bestuurder die fout opspoor en dit regstel.

### 2.1.4 Finansiële bestuur

Finansiële bestuur is reeds in (par. 1.3.8) gedefinieer as die proses van verskeie aktiwiteite soos identifisering, meting, analise, voorbereiding, interpretasie, bestuur en kommunikasie van finansiële inligting in `n organisasie.

Van Rooyen (2007:123) is van mening dat finansiële bestuur in openbare skole verskil van dié in die private sektor: skole is diensverskaffers wat geld gebruik om onderwys aan leerlinge in `n bepaalde gemeenskap te voorsien, terwyl besighede geld gebruik om geld te maak. Alhoewel openbare skole nie op winsbejag ingestel is soos private ondernemings nie, moet die skoolbeheerliggaam verseker dat genoegsame geld verkry word en dat geld regverdig en binne die begroting gespandeer word sodat kwaliteitonderwys deur die bepaalde skool verskaf word. Mestry (2006:3) verklaar dat indien `n skool ekonomies wil funksioneer, dit nodig is om hulpbronne versigtig te gebruik om besteding bo die begrensde vlak te vermy. Verder verklaar hy dat om die beste moontlike resultaat ten opsigte van spandering te verkry, die skoolbeheerliggaam die volgende moet weet:

- Hoeveel geld in die bank beskikbaar is;
- hoeveel geld nog nodig is en waarvoor dit aangewend moet word;
- hoe en waar die benodigde geld verkry sal word; en
- hoe die geld spandeer sal word.

Die bestuur van skoolfinansies is volgens Mestry (2006:3) die verantwoordelikheid van die skoolbeheerliggaam wat aanspreeklik is aan die ouers, die onderwysers, die gemeenskap, donateure en die betrokke provinsiale onderwysdepartement.

Die bestuur van die skool se finansies en hulpbronne vereis die volgende:

- `n Duidelike visie van waarheen die skool op pad is, gebaseer op bepaalde norme en waardes van die skool, leerders, ouers, personeel en gemeenskap.
- `n Fokus op resultate van onderrig en leer en die vergelyking van hierdie resultate met die kostes daarvoor aangegaan.
- `n Kritiese en analitiese benadering van ‘n probleem.
- Die vermoë om lateraal te dink.

Volgens Van Rooyen (2007:124) behels die bereiking van organisasiedoelwitte die integrering van behoeftes, hulpbronne en aksie (optrede). Hy stel dit grafies in figuur 2.2 soos volg voor:

Behoeftes + Hulpbronne + Aksie = Resultate

Figuur 2.2: *Die bereiking van organisasiedoelwitte (*Van Rooyen, 2007:124)

Bestuurtake wat tydens die finansiële bestuurproses uitgevoer word, is onder andere begrotingbeheer en rekordhouding.

### 2.1.5 Aanspreeklikheid

Cameron (1990:254) omskryf aanspreeklikheid as die verpligting om rekenskap van jou optrede aan iemand te gee.

Die volgende wette reguleer die skoolbeheerliggaam en gedelegeerdes, en die skoolhoof se rol in openbare skole t.o.v. finansies:


- Die Suid−Afrikaanse Skolewet nr. 84 van 1996 soos gewysig.
- Die wet op openbare finansiële bestuur van die Republiek van Suid-Afrika, 1999.
- Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996.

Om te bepaal wie aanspreeklik vir die skool se finansies is, is baie belangrik vir hierdie navorsingprojek. Skole ontvang geld van die provinsiale onderwysdepartement, van ouers en van donateure. Die vraag wat ontstaan, is wie is aanspreeklik vir die geld ontvang en aan wie?

### 2.1.6 Begroting

Volgens Colditz (2001:1) is `n begroting `n geskrewe plan van optrede vir die toekoms, uitgedruk in fisiese en finansiële entiteite ten einde gestelde doelwitte en mikpunte met beperkte hulpbronne te verwesenlik. Aangesien dit om die toekoms gaan, verg `n begroting vooruitbeplanning. Hierdie vooruitbeplanning berus hoofsaaklik op vooruitskatting, historiese gegewens, aannames en vorige praktiese ondervinding. Aangesien die mens egter nie toekomstige gebeure kan voorsien of akkuraat voorspel nie, moet `n begroting nooit as `n wonderresep beskou word wat waarborg dat alles vlot sal verloop nie.

### 2.1.7 Effektiewe onderrig en leer model




Figuur 2.3: Effektiewe skole (District Columbia Public Schools, 2009:1)

Volgens District Columbia Public Schools (2009) is die hoofdoelwit van onderrig en leer dat alle opvoeders deelneem aan `n strategiese beplanningproses `n hoë mate van kwaliteitlewering, standaard-gebaseerde instruksies om deurlopende groei te verseker asook `n hoë mate van leerderprestasie.

### 2.1.8 Effektiewe skole

By effektiewe skole vind onderrig en leer plaas waar alle onderwysers deel is van `n strategiese beplanningsessie ten einde hoë kwaliteit deelname wat lei tot deurlopende groei en hoë vlakke van leerderprestasie te verseker. Leierskap vind hier plaas waar alle skoolleiers ten volle verstaan wat hulle rol in die skool is en`n positiewe bydrae lewer om effektiewe onderrig en leer te verseker. Professionele ontwikkeling vind plaas by die skole op alle bestuurvlakke rakende personeel en leerders binne die skool. Hulpbronbenutting soos fondse, personeel, materiale en tyd word ten volle aangewend met `n spesifieke doel om leerderprestasie te bevorder. Daar word gefunksioneer binne `n veilige effektiewe leeromgewing waar beleid en prosedures in plek gestel is om `n veilige effektiewe onderrig en leeromgewing vir die personeel en leerders te skep. By effektiewe skole is familie- en gemeenskapbetrokkenheid besonder hoog en die insette van die ouers en die gemeenskap word aangewend om effektiewe onderrig en leer te verseker.

### 2.1.9 Faktore wat effektiewe onderrig en leer bepaal

In die bespreking wat hieronder volg word faktore geïdentifiseer wat `n positiewe rol speel in die bevordering van effektiewe onderrig en leer mits die faktore reg bestuur word.

Effektiewe onderrig en leer bestaan uit `n skoolbestuursplan en -span (wat insluit die skoolhoof, die adjunkhoofde en departementshoofde) wat verantwoordelik is vir die professionele bestuur en administrasie van die betrokke skool (par. 1.3.21) en die skoolbeheerliggaam wat saamgestel is uit ouers, deur ouers verkies, opvoeders, deur opvoeders verkies en leerders deur leerders verkies wat verantwoordelik is vir beleidaspekte van die skool.
Die skoolbestuurspan en die skoolbeheerliggaam saam vorm die kern wat beleidmakende en uitvoerende pligte in die skool het.

`n Sterk spankultuur is teenwoordig by effektiewe onderrig en leer. Volgens Kruger (2008:3) verwys die kultuur van onderrig en leer na die ingesteldheid van alle rolspelers ten opsigte van onderrig en leer, en die teenwoordigheid van ‘n kwaliteit onderrig- en leerproses in skole. Davidoff en Lazarus (1997:43) identifiseer die aspekte van `n gesonde onderrig- en leerkultuur soos volg: alle rolspelers eerbiedig die onderrig- en leerproses; die hulpbronne benodig om die proses te fasiliteer is teenwoordig. Vir Smith en Pacheco (1996:162) is dit belangrik om daarop te let dat `n onderrig- en leerkultuur gewoonlik verwys na `n situasie wat plaasvind binne `n skool. Hierdie begrip moet nie in isolasie gesien word nie maar eerder as die resultaat van interaksie tussen verskeie faktore soos die ingesteldheid van die leerders ten opsigte van onderrig en leer, persoonlike karaktereienskappe van leerders en die familieagtergrond van leerders. Daar moet `n sterk spankultuur tussen leerders, ouers, personeel en die skoolbeheerliggaam bestaan voordat daar effektiewe onderrig en leer binne `n skool kan plaasvind.

Onderrig en leer fasilteer verandering. Volgens Van der Merwe (2008:37) is verandering `n onvermydelike deel van ons lewe. Ons is gedurig in `n deurlopende proses van verandering omdat ons omstandighede en die realiteit in ons lewe gedurig verander. Verandering verteenwoordig die stryd tussen wat bestaan en wat ons begeer. Verandering is onvermydelik in die strewe na die ideale onderrig en leerproses in `n skool om sodoende doeltreffend te kan funksioneer.

Geen leerder word agtergelaat nie by onderrig en leer nie, volgens die Uitkoms gebaseerde onderwysstelsel en doelwitte van die Gautengse Ondrewysdepartement. Volgens President George W Bush van die VSA en die wetsontwerp "Transforming the federal role in education so that no child is left behind." (Bush, 2001:1) is die verbondsrol in onderwys nie om die stelsel te dien nie, maar eerder om die leerders te dien. Die doel van die wetsontwerp is die verhoging van aanspreeklikheid ten opsigte van leerlingprestasies. State, distrikte en skole waar die prestasies van leerlinge verhoog, sal beloon word. Die fokus is op dit wat werk: Geld sal spandeer word op effektiewe navorsingprogramme en praktyke om sodoende skole en onderwysers te verbeter. Dit lei tot die vermindering van burokrasie en die verhoging van aanpasbaarheid en die bemagtiging van ouers. Volgens Rudalevige (2002:67) is die "geen leerling agtergelaat"-beleid sterk gekritiseer vanuit vele terreine soos plaaslike bestuuramptenare en onderwysvakbonde, in so `n mate dat dit nie meer in sommige VSA state toegepas word nie. Volgens die “Ensuring quality teaching and learning for all”-projek van die Gautengse Departement van Onderwys lê die krag om onderwys te verbeter binne elkeen. Daar word `n beroep gedoen op elkeen, te wete departementele amptenare, onderwysers, leerders, ouers en gemeenskaplede om hulle te verbind tot kwaliteitonderwys. Elke leerling se volle potensiaal moet ontwikkel word en geen leerder mag agtergelaat word nie. In hierdie navorsing komplementeer die beginsel "geen leerling agter gelaat" die departementele Onderwysstelsel wat tans in gebruik is naamlik die Uitkomsgebaseerde Onderwysetelsel wat bepaal dat elke leerling die geleentheid gegun moet word om sy of haar assesseringopdragte te verbeter totdat die mikpunt bereik is. In die huidige onderwysstelsel is daar egter steeds leerlinge wat nie die mikpunte bereik nie, en wel terug gehou word. Sodanige leerlinge benodig addisionele ondersteuning en hulp.

Ontwikkeling en verkryging van personeel is onontbeerlik vir onderrig en leer. Volgens Heystek, Nieman, Van Rooyen, Mosoge & Bipath (2008:107) is die doel van personeelwerwing die aanmoediging van die beste kandidaat om aansoek te doen vir `n pos. Personeelwerwing is daarom `n belangrike taak wat beplanning vereis en op `n deurlopende wyse geskied om te voldoen in die personeelbehoeftes van `n skool. Die beste bemarkingmetode vir `n skool is deur mondelinge kommunikasie. Bestaande personeel moet ontwikkel en opgelei word sodat hulle 'n maksimale bydrae kan lewer tot die bevordering van onderrig en leer.

Kommunikasie aan alle betrokkenes by die skool naamlik die leerders, personeel, ouers, skoolbeheerliggaam en gemeenskap, is noodsaaklik sodat almal ten volle ingelig is oor die onderrig en leerprogram. Kommunikasie is volgens Prinsloo (2006:156) `n boodskap wat deur `n sender aan `n ontvanger oorgedra word, verbaal of nie-verbaal, rakende `n aktiwiteit, bestuurtaak, `n verhouding tussen personeellede, ouers, leerders en die skool. Die uiteindelike doel van kommunikasie is om `n sekere gedragrespons by die ontvanger van die boodskap te bewerkstellig.

Ouerbemagtiging is uiters noodsaaklik aangesien die ouer primêr verantwoordelik vir sy of haar kind se opvoeding. Die opvoedingtaak word daagliks aan die skool oorgedra. Die ouer moet verseker dat sy kind genoegsame fasiliteite asook tyd het om huiswerk te doen en help om `n onderrig- en leeromgewing by die huis te skep.

Visie, waardes en hoë verwagtinge is uiters noodsaaklik by onderrig en leer. Van Deventer en Kruger (2008:87) definieer `n visie as `n toekomstige verwagting of idee rakende `n onderwysstelsel in sy geheel. `n Missie is die langtermyn idee of doelwit van `n skool as `n organisasie. Die visie en missie van die skool moet uitgeleef word binne die betrokke skool sodat hoë waardes en verwagtinge nagestreef kan word ten einde onderrig en leer te bevorder.

Sonder finansies kan onderrig en leer nie plaasvind nie, en vir die doel is `n begroting noodsaaklik. Begroting is volgens Colditz (2001:1) `n geskrewe plan van optrede vir die toekoms, uitgedruk in fisiese en finansiële entiteite, ten einde gestelde doelwitte en mikpunte met beperkte hulpbronne te verwesenlik. Aangesien dit om die toekoms gaan, verg `n begroting vooruitbeplanning. Hierdie vooruitbeplanning berus hoofsaaklik op vooruitskatting, historiese gegewens, aannames en vorige praktiese ondervinding. Aangesien die mens egter nie toekomstige gebeure kan voorsien of akkuraat voorspel nie, moet `n begroting nooit as `n  wonderresep beskou word wat waarborg dat alles vlot sal verloop nie. Begroting moet daarop gemik wees om gestelde doelwitte en mikpunte te bereik. Elke skoolbeheerliggaam behoort dus jaarliks sy werksaamhede sowel as die algemene prestasie van die skool in hersiening te neem ten einde effektiewe onderrig en leer te verseker.

`n Skool behoort skoolverbetering- en ontwikkelingplanne te hê en dit is noodsaaklik dat die doelwitte en mikpunte wat daarin vervat is jaarliks geëvalueer word. Daardie doelwitte en mikpunte moet natuurlik ook in die begroting weerspiëel word. Aanpassings wat uit die jaarlikse evaluasie - en beplanningvergadering van die beheerliggaam spruit, moet logies in die daaropvolgende begrotingproses in ag geneem word.

Figuur 2.4 is na aanleiding van bogenoemde inligting saamgestel en toon die faktore van effektiewe onderrig en leer bepaal.




Figuur 2.4 *Faktore wat effektiewe onderrig en leer bepaal*

Vervolgens word die navorsingproses in detail bespreek, spesifiek met betrekking tot waar en wanneer die navorsing plaasgevind het, hoe dit plaasgevind het en aan wie en waarom daar vraelyste aan spesifieke respondente gestuur is. Die proses waarvolgens die analise van die data plaasgevind het en die beperkinge van toepassing op hierdie navorsing word volledig bespreek

## 2.2 Navorsingmetodologie

### 2.2.1 Inleiding/Vertrekpunt

Die studie is gefundeer in die algemene bestuurteorie en die finansiële bestuurteorie. Bestuurfunksies soos beplanning, organisasie, leiding en beheer is op alle fasette van die finansiële bestuurproses van toepassing. Hierdie navorsing is gedoen vanuit 'n kwantitatiewe navorsingperspektief. 'n Kwantitatiewe benadering is gebruik omdat hierdie navorsingmetode die moontlikheid van veralgemening moontlik maak deur die versameling van omvattende data (Cohen, Manion & Morrison, 2000:78).

Hierdie studie val binne die raamwerk wat Habermas (1971) noem " `n poging om kennis van tegniese en praktiese belang te genereer". Gunter en Ribbins (2002) identifiseer die volgende vyf kennis-domeine om die navorser en die leser te help om die studie te lokaliseer:

- Konseptuele navorsing – Bevraagtekening van "wat is" (ontologie) en die kennis van "wat is" (epistemologie).
- Humanistiese navorsing – Poog om die teorieë te versamel vanaf die bibliografie en ervarings van die wie leiers is en die wat gelei word.
- Kritiese navorsing – Hier word die benadering gevolg van algemene kennis "common sense" om eie ervarings weer te gee.
- Evalueringnavorsing – Enige navorsing wat poog om die impak van hierdie gevalle van leierskap te meet en die doeltreffendheid op mikro-makro- en mesovlak van die interaksie te bepaal.
- Instrumentale navorsing – Poog om aan leiers effektiewe strategieë en taktiekte te verskaf ten einde die organisasie se doelwitte te bereik.

Hierdie studie is gedoen vanuit die instrumentale navorsing waar aksieplanne, riglyne en standaarde ontwikkel is om die organisasie (in die geval die skool) te lei tot beter finansiële effektiwiteit.

Volgens Bolam (1999:196) is die doel van `n instrumentaliste projek om die praktyk te verbeter en die effektiwiteit van onderwysleiers te verbeter deur opleiding en konsultering en dikwels geskied dit deur die voorsiening van gestruktureerde skemas en praktiese instrumente of metodes. In hierdie studie is gepoog om aan die vereiste te voldoen deur die model wat in par. 6.3.4.1.2 aangebied is. Die studie sluit aan by Foucault (2003) se siening van hoe `n gemeenskap sy eie waardes rondom die waarheid en gemeenskapgeregtigheid konstrueer deur die vereiste te stel dat die skool se begroting in terme van sy visie- en missiestelling (wat gemeenskapwaardes weerspieël) gedoen moet word.

Volgens Loock (2011:12) impliseer kwantitatiewe navorsing die gebruik van gestandaardiseerde metodes waarteen `n verskeidenheid ervarings en opinies getoets kan word. Die voordeel van ‘n kwantitatiewe benadering is dat die reaksies van `n groot getal respondente gemeet kan word aan die hand van gestruktureerde vrae in vraelyste en die vergelyking van data en die statistieke verkry daaruit.

Die ondersoek is begin deur eerstens in die mediasentrum van die Universiteit van Pretoria `n rekenaarsoektog aan die hand van sekere trefwoorde te doen. Uit hierdie soektog is die volgende bronne ontdek: wetenskaplike verslae, joernaalartikels, verhandelings en proefskrifte asook webbladverwysings. Tweedens is harde kopieë literatuur oor skoolfinansies en navorsingsteorieë geraadpleeg. Derdens is wetgewing geraadpleeg insluitend wysigings daarvan en departementele omsendbriewe en handleidings van die provinsies Gauteng en Kwa Zulu Natal.

Creswell (2008:47) is van mening dat kwantitatiewe navorsing `n tipe onderwysgerigte navorsing is waarin die navorser besluit wat om te bestudeer, spesifieke vrae vra in vraelyste, data van respondente versamel, hierdie inligting analiseer deur van statistiese metodes gebruik te maak en terugvoer gee op `n objektiewe wyse.

Kwantitatiewe navorsing kan die beste beskryf word as die beantwoording van `n navorsingvraag deur die studie waarin die navorser poog om die algemene neiging van die response van individue te verkry en kennis te neem van hoe hierdie neiging varieer by mense (Creswell 2008:51). Die navorsingontwerp bestaan uit ‘n nie-eksperimentele navorsingmetode wat hoofsaaklik die uitstuur van vraelyste en ander dokumentasie wat van toepassing mag wees, behels.

### 2.2.2 Waar het dit plaasgevind?

Daar is 90 vraelyste na sekondêre skole in Gauteng uitgestuur. Die skole is gekies uit die artikel 21-skole met gelykwaardige sosio-ekonomiese gemeenskappe. Die skole is kwintiel 4 en 5 openbare skole. Die skole wat gekies is het almal `n slaagsyfer van hoër as 80% in die nasionale eindeksamen vir die 3 jaar voor die ondersoek behaal. Skole met `n slaagsyfer van 80% of hoër word vir die doel van hierdie studie gedefinieer as skole waar effektiewe onderrig en leer plaasvind. In hierdie konteks is effektief beter as die gemiddeld, waar die amptelike slaagsyfer van die Republiek van Suid Afrika 67,8% vir 2010 was volgens die South African Web (2011:1) en die amptelike slaagsyfer van Gauteng 78,6% was volgens Creecy (2011:2).

Die enigste bepalende faktor is die nasionale eindeksamen wat aan sekere voorafbepaalde standaarde voldoen en wat meetbaar is om te bepaal of effektiewe onderrig en leer plaasvind.  Die vraelys is aan die skoolhoof gestuur, en die skoolhoof kon dit self of deur `n beheerliggaamlid laat voltooi. Die rede hiervoor is dat indien die skoolhoof nie oor genoegsame kennis van finansies sou beskik nie, hy of sy dan die beheerliggaamlid dit sou laat voltooi. In die meeste van die gevalle waar die skoolhoof dit nie voltooi het nie is dit deur die voorsitter van die finansiële komitee voltooi. In sommige gevalle het die skoolhoof en `n beheerliggaamlid die vraelyste voltooi. Aangesien slegs 10 beheerliggaamlede die vraelyste voltooi het en dit `n baie klein persentasie uitmaak van die totale aantal vraelyste, is daar besluit om hulle vraelyste nie apart te interpreteer nie maar eerder deel te maak van die totale steekproef.

Die vraelyste is in elk geval aan `n skool gestuur en dit is nie vir die navorser om te sê of die skoolhoof of `n beheerliggaamslid dit moet voltooi nie.
Daar is besluit om die uitslag van taal, geslag en kwalifikasie nie te openbaar nie aangesien dit nie `n beduidende invloed op die data gehad het nie.

Vir die doel van hierdie navorsing is van gerieflikheid- en doelgerigte metodes van steekproefneming gebruik gemaak. Volgens Cohen *et al.* (2000:102) behels die gerieflikheidmetode die kies van individue wat die naaste is om as deelnemers te dien en om die proses te herhaal totdat die steekproefgrootte bereik is.

Volgens McMillan en Schumacher (2006:125) word `n groep respondente gekies op grond van toeganklikheid. Met die doelgerigte metode van steekproefneming word die individu deur die navorser met die hand uitgesoek ten einde te voldoen aan die doel van die spesifieke studie. Volgens Patton (1990) word individue gekies omdat hulle aan `n sekere karaktereienskap voldoen.

Doelgerigte steekproewe is populêr in kwantitatiewe navorsing en bied die volgende voordele:

- Ekstreme of afwykende gevalle – deur te leer van hoogs uitsonderlike situasies van die verskynsel onder beskouing, soos byvoorbeeld uitstaande suksesverhale, top leerlinge wat druip.
- Intensiteit – ryk aan informasie wat die verskynsel verduidelik maar nie ekstreem nie, soos `n goeie student, bo- en ondergemiddeld.
- Maksimum variasie – doelgerigte kies van `n wye populasie.
- Homogeen – fokus en verander variasies, vereenvoudig analise, fasiliteer groeponderhoude.
- Tipiese gevalle – illustreer of lig uit wat normaal en gemiddeld is.
- Doelgerig – illustreer karaktereienskappe van `n spesifieke groep en fasiliteer vergelykings.

- Kritiese gevalle – logiese veralgemening van informasie omdat, indien dit waar vir een gevallestudie is, dit ook waar kan wees vir ander gevallestudies.
- Gerieflikheid – spaar tyd, geld en moeite.

Die doelgerigte metode is gebruik omdat karaktereienskappe van kwintiel 4 en 5 skole wat oor dieselfde sosio-ekonomiese agtergrond beskik met mekaar vergelyk kan word. Die gerieflikheidmetode is toegepas omdat die skoolhoofde en / of skoolbeheerliggaamlede bereikbaar was en geneë was om die vraelys te voltooi.

Volgens Fink (2009:5) word `n steekproef beskryf as die aantal mense en karaktereienskappe van mense wat deelneem en deur die vraelys ondersoek word. Die opinies van 10 tot 20 mense mag minder oortuigend voorkom as die opinies van 200 of 400 (Fink, 2009:7).

### 2.2.3 Wanneer het dit plaasgevind?

Die vraelyste is uitgestuur in die tydperk November 2010 tot en met Julie 2011 nadat formele toestemming van die Departement van Onderwys en die Etiese Komitee van die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria verkry is.

### 2.2.4 Data−insamelingmetode

Volgens Fink (2009:5) is vraelyste `n data-insamelingmetode wat gebruik word om informasie te verkry vanaf en rakende mense. Vraelyste is `n metode van informasie-insameling wat gebruik word om te vergelyk, te verduidelik, of om individue en sosiale kennis, gevoelens, waardes, voorkeure en gedrag te verduidelik (Fink 2009:1). Volgens Cohen *et al.* (2000:262) is die posvraelysmetode een van die beste vorme van vraelyste in onderwysnavorsing. Daar is besluit op gestruktureerde vraelyste waar vrae met antwoorde gegee word waaruit die respondent ‘n keuse maak.

Du Plessis (2002:217), Borg en Gall (1979:309−312) en Smit (1987:6) verwys na die volgende vernaamste voordele van ‘n posvraelys:

- ‘n Groot groep mense kan maklik bereik word want geografiese afstand is nie `n struikelblok nie.
- Die vraelys as meetinstrument is meer betroubaar as die onderhoud aangesien onduidelikhede grootliks uitgeskakel word.
- Die vrae wat gevra word, kan maklik ontleed word en dit vergemaklik die analise en tabulering van response.
- ‘n Vraelys neem minder tyd as ‘n onderhoud in beslag en is ook goedkoper indien baie onderhoude gevoer word. Baie inligting kan binne ‘n kort tydbestek ingesamel word.
- Dit is maklik om te voltooi en dit help die respondent om sy aandag by die onderwerp te bepaal.

Enige navorser moet ook bedag wees op die nadele van `n vraelys. Volgens Du Plessis (2002:217), Borg en Gall (1979:309−312) en Smit (1987:6) is die vernaamste nadele van ‘n posvraelys die volgende:

- Die publiek is oor die algemeen negatief teenoor vraelyste.
- 'n Vraelys het die beperking dat die gebruik daarvan beperk is tot geletterde persone.
- Daar is min kontrole oor wie die vraelyste ingevul het.
- Die opstel en gereedmaak van die vraelys neem baie tyd in beslag.
- Swak terugvoering kan die geldigheid en waarde van die navorsingresultate nadelig beïnvloed.
- Respondente is nie altyd geneë om lang en tydrowende vraelyste te voltooi nie.
- `n Goed-gestruktureerde vraelys wat in 'n duidelike en verstaanbare taal geskryf is, is noodsaaklik om die goedgesindheid en samewerking van respondente te verkry.

Volgens McMillan en Schumacher (2006:234) word die volgende stappe in vraelysnavorsing gevolg:

- Identifiseer die doel en doelwitte – dit bestaan uit algemene standpunte en spesifieke doelwitte wat versamel moet word.
- Kies hulpmiddele en die populasie – bepaal die tyd en geldwaarde, asook beskikbare personeel voordat daar op `n metode besluit word.
- Besluit op en kies tegnieke om data in te samel – vraelyste.
- Instruksies – dit is belangrik om duidelike instruksies vir respondente te bepaal.
- Steekproef – om eweredige verspreiding van die populasie te verkry om sodoende die aantal mense en karaktereienskappe van mense wat deelneem in die vraelys te ondersoek.
- Loodstoets – die instruksies en vraelys moet vooraf eers getoets word deur dit bekend te stel aan `n klein steekproef.
- Posvraelyste-opvolg – normale vraelyste met `n ingeslote gefrankeerde koevert lewer gewoonlik tussen 40% en 60% terugsending op. Vraelyste wat nie teruggestuur is nie, moet opgevolg word.

## 2.2.5 Data-analise

Die sewe stappe vir die analise van data volgens Cohen *et al.* (2000:148) is die volgende:

Stap 1: Bepaling van frekwensie van data-analise en hoe die aanbieding van die data met mekaar ooreenstem en / of van mekaar verskil.

Stap 2: Ontleding van `n bepaalde gebied se data.

Stap 3: Bepaling van die verwantskappe en ooreenkomste in die data.

Stap 4: Verkryging van ooreenstemmende feite.

Stap 5: Opsomming.

Stap 6: Bepaling van negatiewe en afwykende gevalle.

Stap 7: Teoriegenerering.

### 2.2.6 Geldigheid en betroubaarheid

Geldigheid is volgens Vithal en Jansen (2010:32) `n poging om vas te stel of die betekenis en interpretasie van `n gebeurtenis betroubaar is en of `n bepaalde meting `n akkurate refleksie is van dit wat met die ondersoek beoog word.

Betroubaarheid is volgens Vithal en Jansen (2010:33) die konsekwentheid van `n meting, telling of gradering.

Die geldigheid en betroubaarheid van vraelyste word volgens Cohen *et al*. (2000:128) in drie standpunte verdeel, naamlik:

- Of die deelnemers wat die vraelyste ingevul het, dit akkuraat voltooi het, eerlik en korrek;
- of diegene wat nie die vraelyste voltooi het nie, dieselfde antwoorde sou verskaf as dié wat dit wel voltooi het;
- om geldigheid in kwantitatiewe navorsing te verseker, is dit volgens Maree en Van der Westhuizen (2009:33)essensieel om die statistiese prosedure wat gebruik gaan word in die ondersoek te verduidelik.

Volgens McMillan en Schumacher (2006:134) is geldigheid die wetenskaplike verduideliking om die werklikheid te toets. Daar is vier tipe geldigheidtoetse in kwantitatiewe navorsing:

- Statistiese gevolgtrekkinggeldigheid (Aanwending van statistiese toetse om te bepaal of die betekenisvolle verkryging `n refleksie van die ware gebeure is.)
- Interne geldigheid (Fokus op die geldigheid van die ooreenkoms tussen afhanklike en onafhanklike veranderlikes in die data.)
- Konstruktiewe geldigheid (Dit is `n uitspraak van die mate waarin die toetrede van meetbare veranderlikes die werklike doelwitte bereik)
- Eksterne geldigheid (Verwys na die veralgemening van die resultaat en gevolgtrekking na ander soortgelyke mense en plekke)

## 2.3 Beperkinge

Die navorser se navorsingervaring is beperk omdat dit slegs die derde keer is dat navorsing van hierdie aard onderneem word.

Ten spyte daarvan dat gepoog is om so objektief moontlik te wees, kon die navorser se agtergrond en ervaring veroorsaak het dat subjektiwiteit wel `n rol in die interpretasie van data speel. Daar is egter gepoog om subjektiwiteit te vermy.

## 2.4 Etiek

Daar is konsekwent aan die kriteria van die etiese kode van die Universiteit Pretoria gedurende die navorsingprojek voldoen.
Die voorafgaande gee ‘n volledige uiteensetting van die metodologie wat gevolg is met die navorsingsprojek. Benewens ‘n bespreking van die proses van steekproefneming is die steekproef self ook volledig omskryf. Vervolgens is die data−insamelingmetode sowel as die prosedures wat gevolg is met die analise en interpretasie van die data beskryf. Daar is ook verslag gedoen oor die etiese aspekte ter sprake tydens die navorsingproses. Daar isvoorsiening gemaak dat die navorsingsresultate aan die vereistes van geloofwaardigheid en betroubaarheid voldoen. In die volgende hoofstuk word aandag aan die pligte en verantwoordelikhede van die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam gegee.